LAERSKOOL IMPALA
AKADEMIESE EREKLEURE BELEID

KRITERIA WAT GELD VIR EREKLEURE:

HALFKLEURE
Slegs Intersenfase. (Gr 4-7)
Indien leerder tussen 80% en 89% gemiddeld op sy jaarpunt het, ontvang hy halfkleure vir akademie.

EREKLEURE
Indien 'n leerder 90% en hoër vir sy jaarpunt het, ontvang hy erekleure.
Indien 'n leerder 2 jaar kwalifiseer vir halfkleure ontvang hy erekleure.
Indien 'n leerder in Graad 4, tussen 80% en 89% op sy jaarpunt het en twee jaar goeie prestasie ontvang het in die Grondslagfase (enige 2 jaar), ontvang hy erekleure.

Die volgende bewoording verskyn op geborduurde lapbalkie:

Eerste verwerwing	:	Akademie
Tweede verwerwing	:	Akademie hertoekenning
Derde verwerwing	:	Akademie prestige
Vierde verwerwing	:	Akademie prestige 2

ALGEMEEN

TOEGELATE EREKLEURE OP SKOOLBAADJIES
EERSTE VERWERWING
By die eerste verwerwing kwalifiseer 'n kind vir die volgende:

- 'n Geborduurde sakwapen in die plek van die lapwapen wat by die gewone skooldrag gedra mag word.
- 'n Geborduurde koningsblou balkie wat onder die **wapen** gewerk word met die volgende bewoording:

Akademie	-	AKADEMIE
Kultuur	-	KULTUUR/DANS/VOORTREKKERS/REDENAARS/KOOR/REVUE
Sport	-	KRIEKET/RUGBY/ATLETIEK/NETBAL ENS.
24 Leiers	-	PREFEK
Redenaars	-	REDENAARS

TWEEDE VERWERWING
By die tweede verwerwing kwalifiseer 'n kind vir die volgende:

- 'n Geborduurde koningsblou balkie wat onder die **eerste balkie** gewerk word met volgende bewoording:

akademie	-	AKADEMIE HERTOEKENNING
kultuur	-	KULTUUR HERTOEKENNING
sport	-	KRIEKET HERTOEKENNING/NETBAL HERTOEKENNING ENS.
6 Hoofleiers	-	HOOFSEUN / HOOFDOGTER ENS.

- 'n Goue koord om baadjie
- 'n Goue koord om mou (± 7cm vanaf onderpunt van mou)
  'n Kind mag vir elke hertoekenning 'n borduursel om die mou aanbring 1cm gespasieer.
  Veronderstel 'n kind het die volgende prestasies:
  Onderhoofseun; Hertoekenning vir Akademie; Hertoekenning vir rugby = 3 borduursels, 1 cm gespasieer om mou.

DERDE VERWERWING
By die derde verwerwing kwalifiseer 'n kind vir die volgende.

- 'n Geborduurde koningsblou balkie wat onder die **tweede balkie** gewerk word met die volgende bewoording:

akademie	-	AKADEMIE PRESTIGE

Kultuur - KULTUUR PRESTIGE
Sport - KRIEKET PRESTIGE, NETBAL PRESTIGE ENS.

Geen verdere borduursel om die mou word toegelaat nie.

VIERDE VERWERWING

By die vierde verwerwing kwalifiseer ’n kind vir die volgende:

- ’n Geborduurde koningsblou balkie wat onder die **derde balkie** gewerk word met die volgende bewoording:
  akademie - AKADEMIE PRESTIGE 2
  kultuur - KULTUUR PRESTIGE 2
  sport - KRIEKET PRESTIGE 2 ens

Geen verder borduursel om die mou word toegelaat nie.

---oOo---

Hersien 2011